# Groot varksimposium kom na Suid-Afrika

**Of jy duisende varke voer of met vrylopende varke boer, maak seker jy kom leer meer oor voer, teling en tegnologie rakende varkproduksie op volgende jaar se Ensminger-varksimposium in Gauteng. Boonop vier die Varktelersgenootskap van Suid-Afrika volgende jaar sy eeufees.**

Suid-Afrika se varkbedryf kan daarna uitsien om volgende jaar gasheer te speel vir die Ensminger-varksimposium. Dit is die eerste keer sedert dié belangrike internasionale byeenkoms se 50-jarige bestaan dat dit in Afrika aangebied word.

Dié simposium is wêreldwyd 'n hoogtepunt op die kalender vir varkboere en navorsers, asook verskaffers aan die bedryf. Die geleentheid is genoem na prof. M.E. Ensminger, 'n landboukundige navorser en skrywer, en is vandag die toonaangewende inligtingsplatform vir die jongste navorsing, tegnologie en neigings in die varkbedryf. Dit word volgende jaar op 22 en 23 Mei by die Kopanong-hotel-en-konferensiesentrum oos van Johannesburg aangebied.




Lede van die reëlingskomitee van die 2019 Ensminger-varksimposium. Van links is dr. Danie Visser (Juventis), mnr. Shaun Mockford (Varktelersgenootskap van Suid-Afrika), mnr. De Wet Boshoff (Afma) en prof. Esté van Marle-Köster (Universiteit van Pretoria). FOTO: LIZA BOHLMANN

In aanloop tot die simposium is 'n amptelike aankondiging oor die sprekers en program onlangs in Pretoria gemaak. Op dié geleentheid het mnr. De Wet Boshoff, uitvoerende direkteur van die Vereniging van Veevoervervaardigers (Afma), opgewonde oor die simposium gepraat.

"Die simposium word deur die Iowa-staatsuniversiteit en die Varktelersgenootskap van


